# Hygroman 1

Contributed by Riaan Eloff

Woensdag, 16 Desember 2009
Last Updated Woensdag, 13 Januarie 2010

Hier is waar ons ons tweede prosateks op Praat Afrikaans gaan aanpak.  Die vorige een het baie lekker gewerk, 'n paar probleempies opgelewer in die begin, maar uiteindelik baie goed gevorder.  Sien gerus die detail hieronder vir instruksies en voorstelle.
Die verhaal is 'n hygroman (nie 'n "high grow man" nie...lol...die eerstekeer toe ek dit lees, toe lees ek in INGELS, en dit klink to baie vreemd...watse soort wese is 'n "hygroman - high grow man"...lol...ek's lekker toe nê?Hoe dit ookal sy, my "toe-geit" of nie...hier is hoe ons te werk gaan:
Enige een wat wil kan saamskryf.  Stuur vir my 'n vonkpos indien jy wil saamskryf, en ek voeg jou naam by hierdie lysie.  Ons volg die lysie bloot om die beurt van bo na onder.  Ek lys vinnig almal wat ek vermoed wil saamskryf, maar as ek jou naam uitgelaat het, vonkpos my.  Elkeen skryf 'n hoofstuk, en laat weet die volgende persoon op die lysie sodra hul hoofstuk gepubliseer is.  Daar is 'n forumafdeling vir prosatekste, hou dit gedurig dop sodat ons met mekaar daar kan kommunikeer oor die roman.
 - Douwlina
 - LisaC
 - Vettie
 - MvickDie publikasie van die hoofstukke bly steeds onderhewig aan my goedkeuring.  As jy twak maak, sal ek met jou praat daaroor, en as jy weier om op te hou, verwyder ek bloot jou werk.  Hou dit daarem beskaafd en ons is almal gelukkig en tevrede.Lekker skryf ouens.